

DIE DOEL VAN LYDING

1 Petrus 1:6,7: Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets.

Met hierdie woorde leer die apostel Petrus ons wat die rede is waarom die gelowiges hier op aarde dikwels lyding en beproewings moet verduur. Die rede daarvoor is dat die Here ons op dié wyse meer en meer wil losmaak van die sondebande wat ons bind en ons terselfdertyd vaster aan Hom wil bind.

Om dit te verduidelik gebruik Petrus die baie bekende beeld van goud wat gelouter word. Om die goud suiwer te kry, moet dit die smeltoond in en daar, by 'n geweldige hoë temperatuur, skei die goud en die minderwaardige erts van mekaar.

Dit is nou ook, volgens Petrus, God se doel met lyding en beproewings in ons lewens. Ook in ons lewens is daar nog soveel sondige afvalstof. Daar is ons verbondenheid aan aardse goed, ons hoogmoed, trots en strewe na eie eer.

Dit alles is 'n belemmering vir die goud van die geloof in Jesus Christus om in ons lewens helder te skitter.

Tog mag dit nie so wees nie! Ons geloof moet straal uit ons hele lewe. Om dit nou te bewerk, bring God ons ook in die smeltoond van lyding en beproewing om in dié proses die goud van die geloof en die sondige afvalstof steeds meer van mekaar te skei.

As daar dus lyding en beproewings oor jou lewe kom, moenie in opstand kom en nukkerig begin protesteer of verwyt nie. God het 'n doel daarmee. Hy wil jou as een van sy goudsteentjies louter. Hy wil jou juis so laat groei in die geloof sodat jy ook met sekerheid kan weet dat jy by die wederkoms van Jesus Christus die ewige heerlikheid kan binnegaan.



Publikasie
Publication



Nr./No.: H08